

# AFRIKAANS EN MEERTALIGHEID OP UNIVERSITEITSVLAK

**Marius Swart**  
**Dosent**

**Departement Afrikaans en Nederlands**  
**Universiteit Stellenbosch**

## **Inleiding**

*(Die gebruik van manlike voornaamwoorde in hierdie teks sluit die vroulike vorm in, tensy dit uit die konteks duidelik anders blyk.)*

Toe ek gevra is om by hierdie geleentheid te kom praat, was my instinktiewe reaksie om nee dankie te sê en, soos tevore, nie aan 'n openbare forum oor die taalkwessie op Stellenbosch deel te neem nie. My werk behels bloot om (onder andere) taalbeplanning te doseer as onderafdeling in die vak Afrikaans en Nederlands; spesifiek in die tweedejaarskursus van die departement waar ek werk. Die kursus wat ek doseer, is een waarin ek studente probeer leer om slegs 'n standpunt in te neem as hulle dit grondig en wetenskaplik kan verdedig. Ons leer nie daar oor mekaar se menings as sodanig nie, maar oor die waarde van elke mening. Ons leer oor hoe taalbeplanning gedoen behoort te word. In die praktyk is dit egter baie selde so 'n "netjiese" proses soos wat ons teoretici impliseer. Ons leer dus ook om taalbeplanningsprosesse te beskryf aan die hand van hulle suksesvolle uitkoms, al dan nie. Die kursus het ek by professor Neville Alexander oorgeneem en ek het daarna, soos vanaand, gevoel ek sit in erg imponerende geselskap.

Nietemin. Elkeen van u is natuurlik net so geregtig soos ek op 'n mening oor meertaligheid op universiteitsvlak. En dié mening kan maar sterk, emosioneel, redelik of onredelik, wetenskaplik of onwetenskaplik – in kort, erg persoonlik – wees. Taal is immers 'n besonder persoonlike saak. 'n Mening alleen is egter betreklik min werd as dit nie gepaard gaan met doelgerigte stappe nie, en wel in die vorm van 'n samehangende, uitkomstgedrewe taalbeplanningsproses. Ek hoop dat my bydrae vir u nuttig kan wees. Ek wil ook beklemtoon dat ek vanaand in my persoonlike hoedanigheid praat en nie namens enige departement of fakulteit nie. Verder wil ek dit van die begin af stel dat ek dink daar moet veel meer voorstelle as myne gemaak word, deur veel meer van die studente- en dosentekorps op wie die taalbeleid toegepas word. 'n Proses wat so ingewikkeld is soos die taalbeplanningsproses op ons kampus, kan onmoontlik net een oplossing of antwoord hê en ons leer uit die taalbeplanningsteorie en die geskiedenis dat 'n taalbeleid wat nie die behoeftes van die mense op wie dit toegepas word, in ag neem nie, geen kans op sukses staan nie.

Die taalbeplanningsteorie leer ons hoe 'n taalbeplanningsproses aangepak moet word as dit die vooruitsig van sukses moet hê. Dit is die eerste aspek waaroor ek 'n paar woorde wil sê. Die tweede aspek is die kwessie van moedertaalonderrig. Die derde, en laaste, aspek, is die kwessie van taaldienste. Dit is dan kortliks die drie hoofpunte waarrondom my gesprek met u sal sentreer. Die hooftema wat ek deur die behandeling van hierdie drie punte probeer aanspreek, is hoe om praktiese meertaligheid te bewerkstellig. Dit sal, in kort, daarop neerkom dat daar gebruik gemaak moet word van taaldienste om die benutting van moedertale te fasiliteer.

## Die taalbeplanningsproses

Taalbeplanning is noodsaaklik en belangrik in 'n veeltalige bestel. Haugen stel dit dat veeltaligheid nie 'n probleem is solank dit nie gebruik word as 'n basis vir diskriminasie nie (Haugen, 1973:40). Taalbeplanning gaan dus nie net oor taal nie, maar veel eerder oor invloed op die sosiale bestel waarbinne taal gebruik word.

Robert Cooper stel reeds in 1989 'n goeie definisie voor van wat taalbeplanning dan eintlik behels: "Language planning refers to deliberate efforts to influence the behavior of others with respect to the acquisition, structure, or functional allocation of their language codes" (Cooper, 1989:45). Drie komponente van taalbeplanning is hieruit te onderskei: taalbeplanning word met 'n spesifieke doel voor oë gedoen, dit gaan oor mense se gedrag, en dit raak sake soos die verwerwing, gebruik asook die voorkoms van 'n taal aan. Dié strekking is betreklik breed en Cooper stel later voordat 'n taalbeplanningsproses daarvoor gaan dat vroeë gevra word oor spesifiek watter agente 'n invloed op taalgedrag probeer uitoefen, hoe hulle dit doen en onder watter omstandighede hulle probeer om watter uitkoms te bereik (Cooper, 1989:98).

Die regering het byvoorbeeld tydens die vorige politieke bestel die veronderstelde verbande tussen identiteit en taal misbruik as deel van die proses waardeur die tuislande geskep is. As jy Xhosa gepraat het, was jy naamlik "'n Xhosa", ensovoorts. Benjamin verwys na die idee van "onderdrukking deur taal" wat gemanifesteer het in die verdeling van die swart bevolking in Suid-Afrika in verskillende "etniese groepe", deels gebaseer op hul moedertaal (1994:103). Alexander noem ook hoe "taal", op die manier waarop die regering dit gedefinieer het, 'n sentrale rol gespeel het in hulle konseptualisering van aparte swart volke en hulle verskuiwing na tuislande met die doel van, wat hy noem, die vorming van "independent statehood" (Alexander, 2001:141-142).

Die basiese beginsel agter teorieë oor taalbeplanning, is dus dat taalbeplanning 'n sosiale proses is wat veel eerder oor mense se gedrag gaan as oor taal of taalgebruik self. Taalbeplanning behoort dan ook in die Suid-Afrikaanse konteks gerig te wees op die ontwikkeling, heropbou en transformasie van ons samelewing as 'n geheel (Webb, 2006: 153).

In die konteks van ons universiteit is daar al 'n uitgerekte taaldebate gevoer oor verskeie kwessies rakende taal en taalbeleid. Ek glo dat dit voldoende is om dit te stel dat die rasionaal daaragter is dat geen taal in 'n demokratiese bestel as middel tot uitsluiting gebruik mag word nie en dat dit gestel word as die amptelike rede waarom byvoorbeeld Engels in 'n groter mate benut word of moet word. In daardie deel van die debat gaan ek my nie begewe nie, aangesien daar genoeg emosie en te min studentedeelname is. In samevatting kan gesê word dat 'n beleid soos ons taalbeleid 'n goeie voorbeeld is van die tipiese gebruik van taalbeplanning om een of ander waargenome sosiale ongeregtigheid, ongelykheid of probleem, in hierdie geval die demografiese profiel van ons universiteit se studente en gebrekkige toegang vir nie-Afrikaanssprekendes, te verander. Du Plessis verwys in hierdie verband dan ook na die moeilike balans tussen hervorming (die behoud van Afrikaans, die bestaande kliëntebasis, asook befondsing) en transformasie ('n toename in toegang en 'n beweging in 'n meer veeltalige en multikulturele rigting) wat nagestreef word (Du Plessis, 2006:107).

Dit kom dus, op die praktiese vlak, op ons kampus, daarop neer dat ons tradisioneel 'n groot persentasie Afrikaanssprekende studente het, maar ook onderhewig is aan politieke druk, intern en ekstern, om meer inklusief en (per implikasie) meer Engels te wees. Daar is egter twee denkfoute in die implikasie dat 'n meer Engelse universiteit outomaties meer inklusief sal wees. Die eerste is dat Afrikaans 'n "wit" taal is. Die tweede is dat Engels sonder meer swart studente sal trek. Beide is ongegrond en grens aan onsinnig. Meer as 80% van ons

land se sogenaamde “bruin” bevolkingsgroep is Afrikaanssprekend, terwyl minder as 60% van die “blanke” bevolking dit as moedertaal het. Afrikaans is ook die amptelike taal met die grootste geografiese, demografiese en rasse-verspreiding (Webb, 2002:7). Hoekom wil ons Engelssprekende studente trek? Is dit nie eerder ons plig, gegewe ons ligging, om bruin en swart Afrikaanssprekendes trek nie?

Die basiese uitgangspunt van taalbeplanningsteoretici is verder dat ’n taalbeplanningsproses nie geslaagd kan wees as dit nie die werklikhede op grondvlak in ag neem nie. Die mate waartoe studente en dosente se gevoel oor taalbeleidsbesluite hier getoets word, voorspel nie sukses as dit aan hierdie riglyn gemeet word nie. Verder moet iemand ook begin vrae vra oor waarom dit in heelparty nagraadse programme sonder meer van Afrikaanse studente verwag word om tesse of proefskrifte in Engels te skryf. Waar is die ontwikkeling van Afrikaans en die ander inheemse tale as wetenskapstale dan?

Laastens moet ’n duiwelsadvokaat ook vra of daar nog van u is wat wonder oor hoe die studente wat deur parallelmediumonderrig gelok moet word om integrasie en transformasie te bewerkstellig, werklik geïntegreer gaan word as hulle vanweë die onderrigmodus op grond van taalvoorkeur in twee groepe geskei word wanneer hulle hier is. Dit lyk vir my of dit op grondvlak sekere vooroordele gaan voortsit, eerder as om dit af te breek.

Taalheterogeniteit is inderdaad ’n potensiële taalbeplanningsprobleem in ’n demokratiese bestel soos ons s’n waar die klem ongelukkig eerder op regte val as op verantwoordelikhede. Dit is egter steeds ’n wonderlike bate vir ons land en ons studentekorps en dit is ons plig om hierdie heterogeniteit nie met Engels dood te druk nie. Hier wil ek dan voortgaan na die kwessie van moedertaalonderrig.

### **Moedertaalonderrig, sover moontlik**

Studente behoort na my mening te kan studeer in die taal waarin hulle hulle die beste kan uitdruk. Dit is immers ’n reg wat in ons grondwet verskans reg (Alexander, 2001b:13). Dit is ’n bewese feit dat moedertaalonderrig die beste soort onderrig is, hoewel dit volgens Webb (2006b:38) nie die enigste bepaler van sukses is nie; iets wat heel voor die hand liggend is. Daar is nietemin talle gevalle waar dit bewys is dat leerders se gebrekkige kennis van hul tweede taal, tesame met die feit dat hulle gedwing word om formele opleiding in dié taal te ontvang, ’n bydraende faktor is tot die hoë vlakke van ontoereikende kennis en vaardighede in ons land (Webb, 2006b:37). Hoewel Webb spesifiek na swart leerders verwys, is hierdie probleem beslis nie beperk tot een etniese groep nie.

Die term “moedertaalonderrig” is ongelukkig ook erg gestigmatiseer, spesifiek vanweë die vroeëre gebruik daarvan as ’n eufemisme vir tweederangse onderwys vir swart leerders. Webb beweer dat veral die swart leiers van ons land vandag nog aan hierdie stigma glo (Webb, 2006b:37). Dit is dus nie moeilik om af te lei waarom daar soveel weerstand teen die idee van moedertaalonderrig is nie; dit word geassosieer met wat Webb noem “menslike marginalisering en menslike geringskatting” (ibid.).

Wanneer hierdie probleem gekombineer word met die stigmatisering van die taal Afrikaans as “onderdrukkerstaal”, word dit heel duidelik waarom daar in die eerste plek soveel weerstand is teen die idee van ’n Afrikaanse universiteit en tweedens soveel oënskylike teenstand teen moedertaalonderrig in Afrikaans, maar ook ons ander inheemse tale. Giliomee merk tereg op dat “Afrikaans” as begrip erg verpolitiseer geraak het en veel eerder ’n rassekonnotasie het as ’n kulturele konnotasie (Giliomee, 2005:277). Dit is dus te verstane waarom die begrip “Afrikaanse universiteit” ook ’n problematiese en gestigmatiseerde een is.

Maar wat is “’n Afrikaanse universiteit”? En het ons so iets nodig? By ’n simposium oor meertaligheid op universiteitsvlak is die antwoord waarskynlik dat ons in elk geval nie een het nie, so waarom sou ons daarvoor redeneer? ’n Universiteit wat voorgraads klasse in Afrikaans aanbied, maar ook toesien dat ander tale op sowel voorgraadse as nagraadse vlak gebruik word, kan immers nie ’n “Afrikaanse universiteit” genoem word nie (Alexander, 2001b:13). Alexander stel dit egter ook dat so ’n universiteit een is waar die handhawing van Afrikaans, asook die ontwikkeling daarvan, gewaarborg word. Hy noem so ’n instelling ’n “Afrikaans-georiënteerde universiteit” (ibid.).

Die potensiële probleem lê natuurlik in die stelling oor die gebruik van “ander tale op sowel voorgraadse en nagraadse vlak”. Daar word in baie gevalle geïmpliseer dat ’n Afrikaanssprekende student wat in Engels klasloop, net soveel gehalte en waarde uit die lesings kan kry as wanneer dit in sy moedertaal aangebied word. Dit is hoogs onwaarskynlik. Dieselfde geld ’n dosent wat in sy tweede of derde taal moet doseer. Webb (2006b:38) merk tereg op dat moedertaalonderrig en skolastiese prestasie nie noodwendig ’n een-tot-een-verhouding het nie, maar dat daar nogtans onomstootlike bewyse van die waarde en belang van moedertaalonderrig is (2006b:39-40, 44). Ten spyte hiervan is die realiteit op grondvlak tekenend van die struikelblokke in die pad van moedertaalonderrig.

Wanneer ek byvoorbeeld my studente in die tweede- of derdejaarsklas (bykans almal moedertaalsprekers van Afrikaans) vra of hulle voel dat hulle nuwe werk ewe maklik in Afrikaans as in Engels aanleer, is die antwoord ’n luide “nee”. Wanneer ek hulle egter vra in watter taal hulle hul eksamenvraestelle in ander vakke beantwoord, asook watter taal se notas hulle verkies, is die antwoord heelwat minder selfversekerd en lui dit iets soos “Engels, want ons moet in elk geval eendag ons werk in Engels doen”.

Hierdie soort opmerkings, asook die myns insiens verregaande optrede van diegene wat nagraadse studente dwing om navorsingsuitsette in Engels te publiseer, bevestig Webb se ses struikelblokke in die pad van moedertaalonderrig: onkunde oor die voordele daarvan, politieke agendas, negatiewe konnotasies aan die Afrikatale en Afrikaans, Engels se mag as voertaal, agterdog oor die motiewe van (wit) Afrikaanse (taal)aktiviste, asook probleme met die implementering van moedertaalonderrig in ’n gemeenskap met soveel taalverskeidenheid (Webb, 2006b:45-46).

Hoewel moedertaalonderrig dus as ’n belangrike middel in die verwesenliking van opvoedkundige potensiaal gesien word, is dit nog ’n problematiese benadering in die praktyk. Die grootste probleem is natuurlik dat Engels bes moontlik ook nie die swart studente waarna Webb verwys se moedertaal is nie, maar eerder hulle tweede of selfs derde taal. ’n Argument vir moedertaalonderrig klink dus na een wat veels te optimisties en onrealisties is, vanweë die praktiese probleme wat daaraan verbonde is.

Daar is egter ’n paar relatief eenvoudige oplossings vir hierdie problematiek, waarvan die een wat ek voorstel, die herwaardering en verhoogde benutting van vertaal- en tolkdienste is.

### **Vertaal- en tolkdienste**

Ek het dit reeds aan u gestel dat ek glo dat studente in hul moedertaal behoort te kan studeer. Ek wil dit nou ook beklemtoon dat dosente die reg behoort te hê om te doseer in die taal waarin hulle die gemaklikste is, aangesien dit ’n groot bydrae kan lewer tot gehalte-onderrig. Enige een van ons wat in die afgelope paar jaar hier klas geloop het, het waarskynlik te doen gehad met swak of selfs foutiewe vertalings wat die gevolg is van dosente wat gedwing word om iets te doen waarvoor hulle nie opgelei is nie. Dink maar aan enkelwoorde soos “krusieel” vir “noodsaaklik”, “presentasie” vir “aanbieding”, of “kontempler” in plaas van “nadink”. Dit gaan glad nie oor taalsuiwerheid as sodanig nie; dit

gaan oor die gepaste vlak van wetenskaplike formaliteit en korrektheid in 'n akademiese omgewing. Die vraag is egter hoe om dit te verwesenlik dat dosente ook in hul moedertaal kan klas gee. Daar is 'n eenvoudige antwoord daarop: die waarde en belang van goeie vertaal- en tolkdienste moet beklemtoon, bewys en benut word.

Aan tolke word hoë eise en verwagtinge gestel. Ek gaan nie spesifiek iets sê oor die waarde, wenslikheid of koste van tolkdienste in klaskamers nie; van my mede-sprekers weet veel meer daaroor en het dit in verskeie publikasies gedek. Al wat ek wel wil vra, is op hoe 'n realistiese skaal dit al hier by ons universiteit beproef is voordat dit sonder meer as "duur" (Fourie, 2009:17) bestempel is. Ek wil ook vra hoe die koste daarvan sou vergelyk met die koste van parallelmediumonderrig, per module. Verder is daar natuurlik die probleem van verskeie rolspelers se moontlike twyfel oor die waarde of wenslikheid van tolkdienste. Hierdie twyfel is reeds empiries aangespreek en ongegrond bewys (sien Verhoef, 2006).

Ons universiteit is die enigste in die Wes-Kaap met 'n hoogs-gevoerde en goed-toegeruste tolklokaal (Anoniem, 2007:5). Verder beskik ons Taalsentrum oor twee moderne, draagbare tolkstelle. Die fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, in samewerking met ons departement, besit nog so 'n draagbare apparaat. Hierdie tolkstelle het elk 20 stelle oorfone, sowel as twee mikrofone. Daar kan dus tussen twee taalpare op 'n slag getolk word vir tot 20 luisteraars. Hulle kan ook saam gebruik word vir groter groepe.

Hierdie diens word goed benut op verskeie terreine, behalwe in die klaskamers self. Die universiteit se hoogste bestuursvlakke, byvoorbeeld die Senaat, die Institusionele Forum, ensovoorts, maak van tolkdienste gebruik. Die SR maak gebruik van tolkdienste vir hulle vergaderings. Die Studenteparlement gebruik tolke vir hulle sittings. Die SR se Verenigingsraad het byvoorbeeld ook onlangs gevra of ons vir hulle tolkdienste kan voorsien, aangesien hulle "nogal 'n diverse klomp" is (De Wet, 2010). Dit is tekenend van hoe goed tolkdienste daartoe kan bydra dat 'n diverse groep mense in een vertrek kan sit en dieselfde boodskap aanhoor in die taal van hul keuse, binne die beskikbare aanbod.

Ons tolke werk ook op die Tygerbergkampus. Hulle doen prakties by die Stellenbosch Hospitaal, hulle doen ander buitewerk; hulle word opgelei en verkry kundigheid, maar die kundigheid waarmee ons sit, word nie werklik hier benut nie en gaan dan verlore aan die privaatsektor. Tolkdienste kan werk vir lesings, veral as dosente saam met die tolke werk om die lesingmateriaal vooraf beskikbaar te stel om moontlike terminologie- of ander kwessies uit die weg te ruim. Spesifiek die modus van simultaantolking (waar die tolk en die spreker gelyktydig praat) is baie geskik vir lesings.

In ons eie departement het ons onlangs begin om tolkdienste te gebruik vir een van ons studente wat 'n Afrikataalspreker is in 'n klas waar daar 24 ander studente is wat almal dieselfde moedertaal as die dosent het. Dit werk sover baie goed. Dit is tog totaal onsinnig dat die betrokke dosent en 24 van die 25 studente almal in hulle tweede taal moet werk as daar die geriewe is daarvoor dat net een student in haar tweede taal hoef te werk terwyl die dosent haar eie moedertaal kan gebruik sonder dat enige iemand te na gekom word. Om van almal te verwag om in hulle tweede taal te werk omdat een student in haar tweede taal moet werk, is nie demokraties of regverdig nie, maar bloot kleinlik. Nog een van ons studente is besig met empiriese navorsing oor klaskamertolking, spesifiek in die vak Maatskaplike Werk (Lesch, 2010). Verder het ons departement pas ons eerste Meestersgraadtesis oor tolking afgelewer (sien Saulse, 2009).

Dit is, soos reeds genoem, jammer dat ons universiteit met hierdie kundigheid sit, maar skynbaar nie tolking as 'n werkbare oplossing vir die moontlik problematiese gevolge van ons wonderlike taalverskeidenheid sien nie.

Oor vertaling kan ook veel gesê word, spesifiek teen die agtergrond van navorsingsuitsette. Mouton het reeds bevind dat daar 'n drastiese afname in die publikasie van Afrikaanse vaktydskrifartikels deur navorsers by die histories Afrikaansmediumuniversiteite is. Tussen 1990 en 2002 was daar 'n afname vanaf 14% na 5%, 'n daling van bykans 300% (Mouton, 2005:371). Na aanleiding van gesprekke met my eie en ander studente, blyk dit dat die populêre mening op ons kampus is dat jy in die meeste vakgebiede "dalk nog" 'n M-tesis in Afrikaans kan skryf, "maar definitief nie jou D nie". Hoe kan 'n universiteitsbestuur wat hom openbaar verbind tot die behoud van die wonderlike bate wat Afrikaans as ontwikkelde wetenskapstaal is, so 'n stand van sake toelaat?

Om 'n taal te verstaan en daarmee oor die weg te (kan) kom, is beslis nie gelyk daaraan om dit so goed te beheers dat jy outomaties nagraadse navorsing daarin kan doen nie, al word dit skynbaar deur hierdie situasie geïmpliseer. Ek het onlangs 'n paar meestersgraadmondelinge bygewoon waar onder meer die volgende, skynbaar absurde, situasie voorgekom het: 'n Afrikaanssprekende student lê sy mondeling vir sy Afrikaanssprekende eksaminatore en Afrikaanse studieleier in Engels af. Die meerderheid van die toeskouers is ook Afrikaanssprekend en die onderwerp is 'n uniek Suid-Afrikaanse een. Die student se beheersing van Engels is so dat hy heel goed kan kommunikeer, hoewel daar hier en daar taalfoutjies insluip, veral met byvoorbeeld "is" in plaas van "are". Dit het onvermydelik tot gevolg dat die student minder bevoeg lyk as wat hy werklik is; iets wat totaal ongegrond is, niks met sy vakkennis te doen het nie, en slegs veroorsaak is deur die feit dat hy gedwing word om sy tweede taal te gebruik. Waarom kan daardie tesis nie in Afrikaans opgeskryf en dan vertaal word nie? En waarom is daar nie tolke vir die Engelssprekende toeskouers nie? Is dit nie onbillik om die student nie 'n vrye keuse tussen tale te gee nie?

Ek stel natuurlik nie voor dat ons 'n beweging moet probeer begin om veel meer artikels in Afrikaans te publiseer nie; daar is reeds relatief min publikasiegeleenthede in Afrikaanse vaktydskrifte. Wat ek wel voorstel, is dat nagraadse studente en navorsers die geleentheid gebied moet word om hul navorsing in die taal van hul keuse op te skryf, waarna dit dan vertaal kan word, en wel met die nodige finansiële ondersteuning. Uit die bogenoemde ondervindinge en gesprekke met studente blyk dit ongelukkig ook dat hulle onder die wanindruk verkeer dat sekere gebiede se terminologie nie in Afrikaans vertaal "kan" word nie, of dat die vertaling nie so goed soos die bronteks sal wees nie, of, laastens, dat dit te duur sou wees. Dit is tekenend van die onkunde wat oor vertaling heers, asook van die oënskynlike luiheid om Afrikaanse terme te skep. Terminologie ontstaan nie outomaties nie, dit word geskep. Vir 'n wetenskapstaal om te bly voortbestaan, moet hierdie proses ook voortgesit word deur deurlopend in die taal te skryf.

Vertalings word soms gesien as "sekondêre" tekste wat nie so "eg" soos die bronteks is nie. Ondervinding het my egter geleer dat 'n opgeleide en kundige vertaler 'n teks produseer wat minstens net so goed, maar meermale selfs beter, as die bronteks is. Vertalers is immers professionele taalgebruikers wat spesifiek opgelei word om tekste uiters noukeurig te bestudeer en uiteindelik 'n goeie teks te produseer wat dieselfde boodskap as die bronteks oordra. In kort: die professionele vaardigheid van vertalers is nie algemeen bekend nie, hoewel dit algemeen beskikbaar is.

Sover my kennis strek, is daar ook nog nie 'n grootskaalse studie gedoen spesifiek oor die finansiële haalbaarheid en praktiese waarde van gesubsidieerde vertaaldienste vir (veral) nagraadse akademiese uitsette nie. Ek dink dis hoog tyd daarvoor. As dit te duur is, moet ons verdere ondersoek instel na wat presies ons bedoel met "te duur". Dalk is dit nie so duur soos algemeen aanvaar word nie, veral in vergelyking met die alternatief.

As daar fasilitering plaasvind sodat navorsers en nagraadse studente in hul moedertaal kan skryf en dan bygestaan word met die vertaling van hul navorsing vir publikasie, sal ook die

Afrikatale as wetenskapstale kan ontwikkel en Afrikaans as wetenskapstaal bly voortbestaan. Dit is twee belangrike doelwitte waartoe ons universiteit verbind is.

### **Slotopmerkings**

Dit is moontlik dat studente met verskillende moedertale in dieselfde lesinglokaal kan sit en hul universiteitsopleiding in daardie tale ontvang. Dit is nie net moontlik nie, dit is ook belangrik. Hulle kan uit verskillende agtergronde kom en deur hul interaksie in en buite die klas meer oor mekaar en by mekaar leer. Dit is sekerlik beter as die taalapartheid wat een moontlike ongelukkige gevolg van parallelmediumonderrig kan wees. Ek stem volmondig saam met ons Viserektor: Onderrig, prof. Magda Fourie, wanneer sy dit stel dat tweetaligheid 'n professionele bate is (Fourie, 2009:17), hoewel die skynbare afwesigheid van 'n plan met die Wes-Kaap se derde taal, Xhosa, in haar onlangse verantwoording van ons taalbeleid my ook opval. Eweneens stem ek saam dat dit belangrik is om minstens twee tale te beheers, maar ek dink nie dat 'n mens jou voorgraadse studies in jou tweede taal hoef te voltooi om dit reg te kry nie, veral nie as daardie tweede taal Engels is nie. Die wêreld word sodanig deur Engels as voertaal oorheers dat dit sekerlik nie nodig is om in Engels aan 'n universiteit te studeer om die taal te leer gebruik nie.

As 'n middel tot praktiese meertaligheid op universiteitsvlak, sowel as vir die verbintenis wat ons universiteit het tot die voortbestaan van Afrikaans as akademiese taal, asook die opheffing van die ander inheemse tale tot volwaardige wetenskapstale, is die gekoördineerde benutting van taaldienste volgens my 'n moontlikheid. Die studente en dosente op grondvlak moet ook geraadpleeg word oor hulle spesifieke behoeftes, probleme en verwagtinge. Daar moet voorstelle van hulle ingewin word en dit moet neerslag vind in die taalbeleid.

Laastens moet ek noem dat dit natuurlik nie op hierdie stadium haalbaar is om byvoorbeeld Afrikaanse lesings direk in Xhosa te tolk nie, aangesien daar gewoon te min tolke met hierdie taalpaar is. Die Afrikaanse lesing kan egter minstens in Engels getolk word, aangesien 'n groter persentasie van die studente met Xhosa as moedertaal, in Engels skoolgegaan het as in Afrikaans, hoewel hul vaardigheid in Engels nie noodwendig op dieselfde vlak as hul vaardigheid in hul moedertaal is nie (Webb 2006b:50). Nogtans is Engels na alle waarskynlikheid vir die oorgrote meerderheid Afrikataalsprekers meer verstaanbaar as Afrikaans. Deur die gebruik van die tolkdienste kan die dosent homself, indien hy Afrikaanssprekend is, ten beste uitdruk, en ook as hy Engelsprekend is, in welke geval dit vir moedertaalsprekers in Afrikaans getolk kan word. Ons het ook al in verskeie gevalle twee tolkanale benut waar dit nodig geblyk het om 'n Afrikaanse spreker se woorde eers in Engels te tolk en dan die Engels in Xhosa. In die praktyk werk dit verbasend goed en vinnig, al klink dit omslagtig.

Vertaal- en tolkdienste kan studente en dosente in staat stel om, binne die raamwerk van Afrikaans en Engels as hooftale wat in die universiteit se meertalige taalbeleidsraamwerk genoem word en waarmee ons hier vertrou is, die taal van hul keuse te gebruik en hulle daarin uit te druk. Daarmee saam kan dit lei tot die behoud van Afrikaans as dinamiese wetenskapstaal, asook die uitbou van ons derde provinsiale taal, Xhosa, as wetenskapstaal. Hierdie voordele, asook verskeie ander, is al deur empiriese navorsing aan die NWU bewys (Verhoef, 2006:94).

'n Gekoördineerde taalbeplanningsproses met die fasilitering van moedertaalonderrig as uitkoms, spesifiek deur middel van die benutting van vertaal- en tolkdienste, is dus my voorstel vir die verwesenliking en hantering van praktiese meertaligheid op universiteitsvlak.

## Bronnelys

- Alexander, N. 2001. "Language politics in South Africa" in Bekker, S. et al. (reds.) 2001. *Identity? Theory, politics, history*. Pretoria: RGN. 141-147.
- Alexander, N. 2001b. "Die noodsaak van universiteite vir die oorlewing van die nie-dominante tale in Suid-Afrika" in Giliomee, H. en Schlemmer, L. (reds.) 2001. *Kruispad – Die toekoms van Afrikaans as openbare taal*. Kaapstad: Tafelberg. 8-14.
- Anoniem. 2007. "US-tolklokaal – eerste van sy soort by 'n universiteit in die Wes-Kaap" in *Kampusnuus*. 26 April. 5.
- Benjamin, J. 1994. "Language and the struggle for racial equality in the development of a non-racial South African nation" in Fardon, R. en Furniss, G. 1994. *African languages, development and the state*. Londen: Routledge. 97-110.
- Cooper, R.L. 1989. *Language planning and social change*. Cambridge: CUP.
- De Wet, N. 2010. Persoonlike korrespondensie per e-pos. 16 Februarie 2010.
- Fourie, M. 2009. "Nuwe taalmodel is akademies verantwoordbaar" in *Matieland*. Somer 2009. 16-17.
- Giliomee, H. 2005. "'n Algemeen geldende basis vir Afrikaans?" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 45(2). 276-282.
- Haugen, E. 1973. "The curse of Babel" in Bloomfield, M. en Haugen, E. (reds.) 1973. *Language as a human problem*. New York: W.W. Norton. 33-43.
- Lesch, H.M. 2010. Persoonlike korrespondensie per e-pos. 18 Februarie 2010.
- Maarman, R., Steyn, E. en Wolhuter, C. 2006. "Optimal demographic information for policy development in the South African education system" in *South African Journal of Education* 26(2). 295-304.
- Mouton, J. 2005. "Afrikaans as wetenskapstaal in Suid-Afrika" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 45(3). 370-385.
- Saulse, B. 2009. *Interpreting within the Western Cape health sector: a descriptive overview*. Ongepubliseerde M.Phil.-tesis. Universiteit van Stellenbosch.
- Verhoef, M. 2006. "Talking as afleweringsmodus in universiteitsklasse. 'n Bespreking en analise van die Dagbreektrushtolkprojek aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. Supplement: Moedertaalonderrig. Junie 2006. 89-99.
- Webb, V.N. 2002. "Language policy development in South Africa". Beskikbaar: <http://www.up.ac.za/academic/libarts/crpl/language-dev-in-SA.pdf> [3 Februarie 2010]
- Webb, V.N. 2006. "On a normative approach to language planning in South Africa" in Webb, V.N. en Du Plessis, L. (reds.) 2006. *The politics of language in South Africa*. Pretoria: Van Schaik. 147-163.
- Webb, V.N. 2006b. "Perspektiewe op moedertaalonderrig" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. Supplement: Moedertaalonderrig. Junie 2006. 37-50.